

Maandag 21 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 24:1-27

Fokusgedeelte: Handeling 24:10

Die Gees van God laat sy dienaars nie swik voor die gees van vrees nie!

Die apostel Paulus bevind hom in baie moeilike omstandighede. Die hoëpriester Ananias, 'n paar familiehoofde en 'n advokaat kla hom aan voor die Romeinse goewerneur, Feliks. Hulle aanklagte teen Paulus is dat hy 'n gevaar vir die samelewing is (24:5a), wat skeuring bring in die Joodse geleedere dwarsoor die wêreld (24:5b). Hulle beweer ook hy is die leier van die dwalende Nasareners (24:5c). Hulle gaan selfs verder en sê dat Paulus ook die tempel wou ontheilig (24:6). Hierdie aanklagte van die Jode was baie duidelik 'n sameswering teen Paulus, en ons sien duidelik die aanvalle teen die kerk van die Here deur Satan wat hier aan die werk is in die optrede van mense.

Die stryd tussen die koninkryk van die duisternis en die Koninkryk van die Lig is duidelik, maar die Gees van God laat sy dienaars nie swik voor die gees van vrees nie. In die omstandighede waarin Paulus was, sou 'n mens opstandigheid, senuweeagtigheid, woede, en vrees verwag, maar die Gees van God werk in Paulus tot voordeel van sy kerk! Paulus ontvang van die Heilige Gees kalmte van gees om sy saak met vertrouwe te verdedig (24:10). Die Heilige Gees gee Paulus ook die oortuiging vir die waarheid (24:11) en die selfbeheersing om die beskuldigings teen hom te weerlê (24:13). Op 'n eerlike manier getuig hy oor sy geloof en sy hoop (24:14, 15). En hy verklaar met 'n skoon gewete ook sy onskuld (24:11, 16).

Ons deins dalk te dikwels terug vir die omstandighede en die weerstand wat ons as kerk in die wêreld ervaar. En dan vergeet ons dat die krag nie in onself lê nie, maar in God. Ons kerke se voortbestaan is afhanklik van hierdie waarheid dat God ons as instrumente wil gebruik om onder sy krag en sy leiding die afbrekende magte van die bose te weerstaan en nie te swik met 'n gees van vrees nie!

Sing: Skrifberyming 14-1:1-2

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)